30.7.71 61/71

G.P.-S.43575—1969-70—2,000 J 219

61/71

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

( Appèl Provincial Division)
( Provinsiale Afdeling)

# Appeal in Civil Case
# Appèl in Siviele Saak

MARIA ELIZABETH HORN N.O. *Appellant,*

*versus*

1. GERHARDUS DAVID KOTZE N.O.; 2. THEUNIS JOHANNES HELBERG *Respondent*

*Appellant's Attorney*
*Prokureur vir Appellant* Kriek & Cloete

*Respondent's Attorney*
*Prokureur vir Respondent* [illegible] de Kok

*Appellant's Advocate*
*Advokaat vir Appellant* A. A. [illegible]

*Respondent's Advocate*
*Advokaat vir Respondent* D. J. H. [illegible]

*Set down for hearing on*
*Op die rol geplaas vir verhoor op* 21 — 9 — 1971

4. 5. 7. 8. 9

[illegible]

(T.P.A.) 9.45 [illegible] — 11.[illegible]
11.15 [illegible] — 12.[illegible]

[illegible]

[illegible] A.R. 29.9.71
[illegible]

[signature]

Writ issued
Lasbrief uitgereik

Date and initials
Datum en paraaf

Bills Taxed—Kosterekenings Getakseer

| Date Datum | Amount Bedrag | | Initials Paraaf |
|---|---|---|---|
| | | | |

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

APPELAFDELING.

In die saak tussen:

MARIA ELIZABETH HORN N.O. .............. APPELLANTE.

EN

GERHARDUS DAVID KOTZE N.O. ............. EERSTE RESPONDENT.

EN

THEUNIS JOHANNES HELBERG .............. TWEEDE RESPONDENT.

Coram : Wessels, Potgieter, Trollip, Rabie et Muller, ARR.

Verhoor : 21 September 1971. Gelewer : 29 September 1971.

---

U I T S P R A A K.

Muller, AR. :

Appellante is die weduwee van wyle Johannes Hendrik Horn wat oorlede is op 29 Oktober 1968. Sy is ook die moeder en natuurlike voogdes van vier minderjarige kinders gebore uit haar huwelik met die oorledene.

Wyle mnr. Horn se dood is veroorsaak deur beserings wat hy opgedoen het in 'n botsing, gedurende die

aand .... / 2

aand van 29 Oktober 1968, op 'n hoofweg naby Potgietersrus tussen 'n perd en 'n voertuig waarin mnr. Horn 'n passasier was.

In 'n aksie ingestel in die Transvaalse Provinsiale Afdeling om vergoeding van skade gely deur haar en haar kinders weens die dood van haar man, het appellante twee persone as verweerders aangespreek, naamlik, ene Jacobus Arnoldus Schoeman in wie se sorg en bewaring die betrokke perd was (as eerste verweerder), en ene Theunis Johannes Helberg wat die betrokke motorvoertuig tydens die botsing bestuur het (as tweede verweerder). Appellante het in haar pleitstukke beweer dat die gemelde botsing veroorsaak is deur die nalatigheid van eerste verweerder <u>of</u> deur die nalatigheid van tweede verweerder <u>of</u> deur die nalatigheid van albei van hulle. Eerste verweerder sou, na bewering, nalatig gewees het deurdat hy nie voldoende voorsorg getref het om te verhoed dat die perd in die nag sonder toesig op die hoofweg kom nie, en, wat tweede verweerder betref, is beweer dat hy die betrokke voertuig op 'n nalatige wyse bestuur het.

Hoewel .... / 3

Hoewel eerste verweerder kennis gegee het dat hy die aksie teen hom sou verdedig, is sy boedel voor die datum van verhoor gesekwestreer en is die saak teen hom sine die uitgestel. Tweede verweerder het, wat hom betref, aanspreeklikheid ontken, en die saak teen hom het in April 1971 voor Philips, W.R., gedien.

By die aanvang van die verhoor is die verhoorhof verwittig dat die partye op ŉ bedrag van skadevergoeding ooreengekom het, en dat die enigste vraag vir beslissing is of tweede verweerder nalatig was en, indien wel, of sodanige nalatigheid die botsing veroorsaak het of daartoe bygedra het.

Drie getuies is geroep om ten behoewe van appellante te getuig, naamlik, haar seun Marthinus Horn wat ook ŉ passasier in die betrokke voertuig was ten tyde van die botsing, konstabel Buys wat na die botsing sekere waarnemings gedoen het op die ongelukstoneel en ŉ kaart laat opstel het van die ongelukstoneel, en mnr. van Heerden, klerk van die landdroshof te Potgietersrus wat die oorkonde van ŉ

geregtelike .... / 4

geregtelike ondersoek wat in Desember 1968 gehou is i.v.m. die dood van die oorledene, by die verhoorhof ingedien het.

Marthinus Horn was 18 jaar oud toe hy by die verhoor getuig het en dus 15 jaar oud ten tyde van die botsing. Hy was ook een van die minderjarige kinders ten behoewe van wie appellante in haar hoedanigheid as voogdes die aksie ingestel het. Hy het getuig dat hy en sy vader (die oorledene) die betrokke aand saam met mnr. Helberg (tweede verweerder) gery het in laasgenoemde se motor, ŉ Volkswagen met ŉ regterhandse stuur. Mnr. Helberg het bestuur, en in die voorste sitplek langs hom het die oorledene gesit. Getuie self het op die agterste sitplek gesit net agter die bestuurder. Hulle het die aand ongeveer 11 uur uit Potgietersrus vertrek op pad na Naboomspruit. Dit was ŉ donker aand.

Gerieflikheidshalwe kan ek hier meld dat, volgens konstabel Buys se getuienis, die betrokke pad ŉ hoofweg is en heelwat verkeer dra. Vanaf Potgietersrus in die rigting van Naboomspruit loop die pad van noord na suid. Die

geteerde .... / 5

geteerde gedeelte van die pad is 22 voet breed met ŉ wit stippellyn in die middel. Aan weerskante van die teer is daar ŉ gruisgedeelte, elk ongeveer 4 tree breed. In die omgewing waar die botsing plaasgevind het is die pad reguit en gelyk.

Marthinus Horn het verder getuig dat toe hulle ŉ paar myl buitekant Potgietersrus was, hulle vir ongeveer ŉ myl agter ŉ swaar vragmotor ("een van hierdie groot vervoermotors") gery het, die breedte waarvan hy geskat het op 10 tot 12 voet. Die vragmotor het voortbeweeg op sy korrekte kant van die pad met sy regterkantse wiele naby die stippellyn in die middel van die pad. Die rede waarom hulle vir ŉ distansie agter die vragmotor gery het, was omdat daar voertuie uit die teenoorgestelde rigting, d.w.s. van suid na noord, verby gekom het. Die spoed waarteen mnr. Helberg op daardie stadium gery het was ongeveer 50 tot 55 myl per uur. Hulle motor was ongeveer 100 tree agter die vragmotor toe die laaste van die aankomende voertuie verby hulle motor is.

Mnr. .... / 6

Mnr. Helberg het toe die ligte van sy motor, wat verdof was, na helder oorgeskakel en weer verdof as ŉ teken vir die bestuurder van die vragmotor dat hy die vragmotor wou inhaal en verbysteek. Terselfdertyd het mnr. Helberg spoed vermeerder, en, toe hulle sowat 20 tree agter die vragmotor was, het mnr. Helberg na regs beweeg agter die vragmotor om oor te gaan na die regterkant van die pad. Op daardie stadium was die motor se regterkantse wiele nog nie oor die stippellyn in die middel van die pad nie. Volgens Marthinus het hy toe sy oë van die pad af geneem en in die truspieël van die motor gekyk wat hom ŉ blik gegee het na agter waar hy, deur die agterruit van die motor, die rooi agterliggies gesien het van die voertuig wat so pas in die teenoorgestelde rigting by hulle verby gegaan het. Toe hy weer sy oë laat sak en voor die motor kyk, het hy oombliklik twee perde voor in die pad gesien. Die motor was toe nog agter die vragmotor maar gedeeltelik oor die middel van die pad. Die perde was ongeveer 3 tree voor die motor. Een perd het aan die

linkerkant van die pad gestaan met sy agterbene op die teergedeelte van die pad en sy voorpote op die gruisstrook langs die pad. Sy kop het na links, d.w.s. in ŉ oostelike rigting gewys. Die ander perd, swart van kleur, het gestaan ongeveer in die middel van die pad met sy voorlyf en kop skuins in die rigting van die aankomende motor, d.w.s. hy het effens noord-oos gekyk. Die motor het met laasgenoemde perd gebots. Die vragmotor het voortgery sonder om stil te hou. Die bestuurder daarvan was skynbaar onbewus van die botsing.

Dit blyk verder dat, as gevolg van die botsing, mnr. Helberg tydelik sy bewussyn verloor het. Marthinus het egter vooroor geleun, die stuurwiel gevat en, nadat hy die motor na die korrekte kant van die pad oorgebring het, het hy met die skakelaar die masjien afgeskakel, waarna die motor deur momentum voortbeweeg het vir ŉ taamlike distansie voordat dit tot stilstand gekom het aan die linkerkant van die pad.

In kruisverhoor is Marthinus gevra of hy kon verduidelik hoe die twee perde kon gekom het waar hulle was

toe .... / 8

toe hy hulle vir die eerste keer gesien het, soos hy getuig het, ongeveer 3 tree voor die motor. Sy antwoord was dat hy nie kon sê nie, want hy het in die truspieël van die motor gekyk, en dat hy eers die perde gewaar het net toe hy sy oë weer laat val het op die pad voor die motor. Hy het erken dat hy in November 1968 n verklaring onder eed afgelê het vir gebruik by die geregtelike ondersoek i.v.m. die dood van sy vader. In daardie verklaring het hy breedvoerig vertel hoe die botsing plaasgevind het, maar het geen melding gemaak nie van die feit, soos hy by die verhoor getuig het, dat hy tot kort voor die botsing vir n tyd in die truspieël van die motor gekyk het. Sy verduideliking, waarom geen melding daarvan gemaak is in die verklaring nie, was dat hy by die aflê van die verklaring nie daaraan gedink het nie. Konstabel Buys, aan wie hy die verklaring afgelê het, het hom vrae gevra en hy het net geantwoord op wat hom gevra is. Eers later het dit weer by hom "opgekom" dat hy vir n tydjie, terwyl hy in die truspieël gekyk het, nie sy oë op die pad

voor .... / 9

voor die motor gehad het nie.

Konstabel Buys se getuienis het ek reeds gedeeltelik weergegee sover dit betrekking gehad het op die rigting en ligging van die pad, die breedte daarvan ens. Hy het verder getuig dat hy die betrokke aand na 11 uur na die ongeluks-toneel ontbied is. Dit was 'n donker aand. Op die toneel het hy die punt van botsing vasgestel deur 'n bloedkol wat hy gevind het in die middel van die pad by die stippellyn. Op 'n punt 79 voet suid van die punt van botsing, en ook in die middel van die pad, het die beseerde perd gelê. Die perd was donker van kleur; sover die getuie kon onthou, donker bruin, en was beseer aan die kop en linker-voorkant van die lyf. Die konstabel het die perd dood geskiet. Tussen die punt van botsing en die plek waar die perd gelê het was daar skuurmerke op die pad, klaarblyklik veroorsaak deurdat die perd oor daardie distansie deur die motor gesleep is.

Links .... / 10

Links van die pad, d.w.s. aan die oostekant, maar heeltemaal weg van die pad, het die getuie 'n tweede perd gevind, ook donker van kleur, wat geen beserings gehad het nie.

Die betrokke motor het konstabel Buys gevind ongeveer ·8 myl suid van die punt van botsing aan die linkerkant van die pad. Die hele voorkant daarvan was beskadig tot bo-aan die dak. Die meeste skade was links voor waar die oorledene gesit het. Konstabel Buys het 'n beseerde persoon, wyle mnr. Horn, op die ongelukstoneel aangetref en hom na die hospitaal vervoer waar hy dieselfde nag oorlede is.

Ten behoewe van tweede verweerder (mnr. Helberg) is slegs een getuie geroep en dit was mnr. Helberg self. Sy getuienis was wesenlik dieselfde as dié van Marthinus Horn. Ook hy het getuig dat die motor wat hy bestuur het vir 'n lang distansie agter 'n groot vragmotor gery het omdat daar verkeer vanuit die teenoorgestelde rigting aangekom het. Sy skatting van die breedte van die vragmotor was dat dit "enigiets plus-minus 10 voet" was. Die spoed waarteen hy gery het was

"plus-minus 50 myl per uur". Toe die laaste aankomende voertuig verbygekom het, het mnr. Helberg, volgens hy getuig het, geskat dat sy motor ongeveer 100 tree agter die vragmotor is. Die kopligte van die motor was verdof, en hy het dit na helder oorgeskakel en weer verdof as 'n teken vir die bestuurder van die vragmotor dat hy die vragmotor wou verbysteek. Terselfdertyd het hy spoed vermeerder en skuins na die middel van die pad beweeg. Hy kon nie sê hoe ver agter die vragmotor sy motor was toe die regterkantse wiele van die motor oor die wit stippellyn in die middel van die pad gegaan het nie, maar net toe ongeveer die helfte van die motor oor die middellyn was, het hy skielik 'n perd ongeveer 15 voet of minder voor hom in die middel van die pad gesien. Die perd het in die rigting van die aankomende motor gekyk, en dit het vir die getuie voorgekom asof die perd stilstaan. Hy het net een perd gesien. Daar was niks wat hy kon doen om 'n botsing te vermy nie want oombliklik nadat hy die perd gesien het, het die botsing plaasgevind as gevolg waarvan hy tydelik

sy bewussyn verloor het. Hy kon nie sê waar die vragmotor was toe die botsing plaasgevind het nie of wat na die botsing gebeur het nie. Toe hy sy bewussyn herwin, het die motor reeds aan die kant van die pad stilgestaan.

In kruisverhoor het mnr. Helberg erken dat hy ŉ verklaring gemaak het vir doeleindes van die geregtelike ondersoek i.v.m. die dood van die oorledene, en dat hy daarin o.a. gesê het dat die perd ongeveer 3 tree voor die motor was toe hy dit opgemerk het. Hy het gesê dat die remme van die motor in goeie orde was en, toe hy gevra is oor watter afstand hy die motor met die remme tot stilstand sou kon gebring het, het hy gesê "plus-minus 60 voet", maar, by navraag deur die hof, het dit geblyk somar ŉ raaiskoot te gewees het. Gevra hoe vêr voor die motor hy kon sien terwyl die kopligte daarvan verdof was, was sy antwoord: "Wel, ek sou skat plus-minus 180 na 200 voet". Hy het ook verduidelik dat hy agter die vragmotor met verdofte ligte gery het omdat hy geweet het dat sommige vragmotors ŉ

truspieël voor aan die regterkant van die voertuig het en dus besef het dat 'n helder lig van agter wat op so'n kantspieël val die bestuurder van die vragmotor tydelik kon verblind.

Die geleerde Verhoorregter het in sy uitspraak die getuienis in besonderhede ontleed, en met betrekking daartoe as volg bevind:

> "Na my mening was dit nodig vir die eiseres om te bewys dat die perd vir die verweerder sigbaar was op 'n stadium toe hy nog ver genoeg weg van die perd was om die botsing te kon vermy. Daar is geen sulke getuienis nie, en om te vind dat die verweerder nie 'n behoorlike uitsig gehou het nie sou die Hof moet spekuleer waar die perd op daardie stadium was, waar die motor was, en of die perd sigbaar sou gewees het al het hy stilgestaan op die punt waar die verweerder hom eers gesien het. Dit kan die Hof nie doen nie.
>
> Ek moet tot die gevolgtrekking kom dat die eiseres haar nie van die bewyslas wat op haar rus gekwyt het nie, en dat dit nie bewys is dat die verweerder nalatig was nie."

Bygevolg het die verhoorhof absolusie van die instansie beveel, met koste. Dit is teen daardie bevel dat appellante in hoër beroep kom.

Voordat ek die betoog behandel wat namens appellante in hierdie Hof aangevoer is, is dit nodig om op sekere aspekte van die getuienis te wys. Ek het, in die weergawe van die getuienis hierbo, daarop gewys dat Marthinus Horn se storie in die getuiebank was dat hy voor die botsing in die truspieël van die motor gekyk het en dus geen blik op die pad voor die motor gehad het tot onmiddellik voor die botsing nie. Aangaande hierdie aspek van Marthinus se getuienis was die Verhoorregter se kommentaar soos volg:

> "Hy weet nie waarom hy in die truspieël gekyk het nie. Dis aan hom gestel dat hy niks in sy verklaring aan Speurderkonstabel Buys gesê het van dat hy in die truspieël gekyk het nie, en sy verduideliking van hierdie feit het ek nie bevredigend gevind nie. Dit is natuurlik een van die belangrikste oomblikke in die hele verhaal, en dit lyk vir my asof Marthinus miskien besef het dat as hy sê hy het die pad die hele tyd dopgehou en nogtans niks gesien het nie totdat hulle 3 tree van die perd af was, dan sou dit miskien gevaarlik vir die eiseres se saak wees. Hoe dit ookal sy, bly dit 'n feit dat hy niks hiervan in sy verklaring gesê het nie."

Ek moet sê dat Marthinus se verduideliking waarom hy in die verklaring wat konstabel Buys van hom geneem het, geen melding gemaak het nie van die feit dat, soos hy getuig, hy in die truspieël van die motor gekyk het, ook vir my nie bevredigend is nie.

Ek het ook reeds daarop gewys dat, volgens Marthinus, die breedte van die vragmotor wat voor hulle gery het 10 tot 12 voet was, en volgens mnr. Helberg dit plus-minus 10 voet was. Gesien die bepalings van regulasie 90 van die Transvaalse Padveerkeersregulasies (Administrateurs-kennisgewing No.1052 van 28 Desember 1966) moet dit sterk betwyfel word of die breedte van die vragmotor meer as 8 voet 2½ duim kon gewees het. Die regulasie lees soos volg:

> "Algehele breedte van voertuie.
>
> 90. Niemand mag op 'n openbare pad 'n voertuig gebruik waarvan die algehele breedte 8 voet 2½ duim oorskry nie."

Maar enige fout wat die getuies in hierdie verband mag gemaak het, is onbelangrik gesien die res van hulle getuienis,

waarvolgens dit blyk dat die vragmotor baie na aan die middellyn van die pad gery het.

Voor ons is namens appellante betoog dat die verhoorhof in sy bevinding fouteer het en, op die getuienis van mnr. Helberg, moes bevind het dat hy nalatig was deurdat hy nie behoorlik uitgekyk het nie, en dat sodanige nalatigheid die botsing veroorsaak het aangesien mnr Helberg, indien hy behoorlik uitgekyk het, die perd sou gesien het op ꞌn stadium toe hy ꞌn botsing sou kon vermy het. Hierdie betoog het hoofsaaklik berus op die volgende stellings aangaande die getuienis van mnr. Helberg, naamlik,

(a) dat hy met die verdofte ligte van sy motor 180 tot 200 voet voor die motor kon sien;

(b) dat, indien die motor se ligte op die perd geval het, hy dit sou gesien het;

(c) dat, toe hy die perd gewaar, dit in die middel van die pad gestaan het en dat, indien die perd na daardie posisie ingekom het vanaf enige kant van die pad, hy dit moes gesien het.

Hierdie stellings het appellante se advokaat toegelig deur verwysing na sekere gedeeltes van mnr. Helberg se getuienis,

en hy het betoog dat, ten spyte van mnr. Helberg se toegewings met betrekking tot wat hy moes gesien het, hy die perd vir die eerste keer gewaar het toe dit ongevoer 15 voet (of 3 tree soos hy dit gestel het in sy verklaring aan konstabel Buys) voor die motor was, en nie kon verklaar waarom hy dit nie eerder gesien het nie, Gevolglik, sê die advokaat, is mnr. Helberg se skuld aan nalatigheid uit sy eie mond bewys.

In argument is hierdie betoog in besonderhede ~~as~~ soos volg toegelig:

(1) Mnr. Helberg was ongeveer 100 tree agter die vragmotor toe hy besluit het om dit in te haal en verby te steek. Hy het toe na regs beweeg tot so'n posisie dat die motor in die middel van die pad was;

(2) met die motor in daardie posisie moes mnr. Helberg 'n onbelemmerde uitsig gehad het op die middel van die pad, asook 'n onbelemmerde uitsig op die regterkantse helfte van die pad, vir ongeveer 180 voet.

(3) indien die perd kort voor die botsing oor die regterkantse helfte van die pad, d.w.s. van wes na oos, beweeg het tot

in .... / 18

in die middel van die pad, dan moes mnr. Helberg die perd kon gesien het op ŉ distansie van baie meer as 15 voet;

(4) indien die perd egter stilstaande was in die middel van die pad, wat minder waarskynlik is weens die verkeer op die pad uit beide rigtings, dan behoort mnr. Helberg nogtans die perd te gesien het op ŉ distansie van baie meer as 15 voet;

(5) indien die perd egter kort voor die botsing ~~van~~ vanaf die linkerkant van die pad voor die vragmotor verby beweeg het, d.w.s. van oos na wes, dan moes die perd in die middel van die pad weer gedraai het om noordwaarts te kyk, soos dit ten tyde van die botsing wel gekyk het, en ook dan behoort die perd op ŉ veel groter afstand as 15 voet vir mnr. Helberg sigbaar te gewees het.

Ek kan nie met die advokaat se betoog saamstem nie, en wel omdat dit in die volgende twee kardinale aspekte gebrekkig is:

(i) Die stelling dat mnr. Helberg erken het dat, indien die perd ingekom het na die middel van die pad vanaf enige kant van die pad, hy dit moes gesien het, word gegrond op die volgende brokkie getuienis:

<u>Vraag:</u> .... /19

Vraag: "So as die perd van enige kant van die pad ingekom het dan sou u dit ook kon sien in die ligte?"
Antwoord: "Tensy dit ..., ja, ek moes dit gesien het".

Die getuie kon nouliks bedoel het dat dit onder alle omstandighede so moes wees nie. Daar was ʼn groot vragmotor voor die motor en enige beweging van die perd vanaf die kant van die pad (hetsy van links, hetsy van regs) sou alleen waarneembaar gewees het indien dit binne mnr. Helberg se gesigsveld plaasgevind het, d.w.s. as die vragmotor nie sy uitsig versper het nie.

(ii) Die advokaat se siening van die gebeure veronderstel dat die motor vir ʼn tyd lank (relatief gesproke, natuurlik) vorentoe beweeg het in die middel van die pad sodat mnr. Helberg vir ʼn tyd ʼn onbelemmerde gesigsveld moes gehad het op die middel en regterkantse helfte van die pad. Daardie veronderstelling is egter, op mnr. Helberg se getuienis as geheel, nie geregverdig nie. Hoewel sy motor ʼn 100 tree (volgens skatting) agter die vragmotor was toe hy besluit het om spoed te vermeerder ten einde

die vragmotor in te haal en verby te steek, moes hy geleidelik oorbeweeg na die middel van die pad. Die vragmotor voor hom sou dan sy gesigsveld belemmer het, nie alleen direk voor hom op die linkerkantse helfte van die pad nie, maar ook gedeeltelik op die regterkantse helfte van die pad. Hoe nader die motor aan die middel van die pad sou kom hoe breër sou die bestuurder se gesigsveld vorentoe op die regterkant van die pad wees. En die middel van die pad, langs en voor die vragmotor, sou eers vir hom sigbaar geword het toe die regterkantse helfte van die motor, waar die bestuurder sit, oor die middellyn beweeg het. En dit is presies, soos ek mnr. Helberg se getuienis verstaan, naamlik, dat hy die perd in die middel van die pad gewaar het net toe die motor in daardie posisie gekom het.

Na my oordeel dien dit geen doel om te spekuleer oor die waarskynlikhede dat die perd van links of van regs in die pad ingekom het of dan wel dat die perd in die middel van die pad stilgestaan het nie. Op elk van

daardie moontlikhede kon die perd buite mnr. Helberg se gesigsveld gewees het tot kort voor die botsing.

Vanweë die besondere omstandighede waarin hierdie botsing plaasgevind het, geld daar ook bykomstige oorwegings. Dit was 'n donker nag; die perd was donker van kleur en teen die donker teerpad sou dit nie maklik sigbaar gewees het nie. Daarby kom ook die oorweging dat die teenwoordigheid van die perd in die middel van die pad, onder die besondere omstandighede, onverwags moes gewees het. Daarmee wil ek nie te kenne gee dat 'n redelike persoon die moontlikheid van die teenwoordigheid van 'n perd of ander dier op die pad sou uitgeskakel het nie, maar wel dat die posisie waarin die perd hom bevind het - naamlik, in die middel van die pad waarop verkeer in beide rigtings beweeg het - iets besonders en dus onverwags moes gewees het. Nòg die verbygaande verkeer, nòg die vragmotor het enige tekens gegee of bewegings gemaak wat vir mnr. Helberg 'n aanduiding sou wees dat daar 'n perd op die pad ~~is~~ [redacted] was.

Dit .... / 22

Dit kan nouliks gesê word dat mnr. Helberg te vinnig gery het - so'n betoog is ook nie aangevoer nie. Ten einde die vragmotor verby te steek moes hy sy spoed vermeerder tot ongeveer 60 myl per uur. Daar was geen ligte van aankommende verkeer nie, en om seker te maak dat die pad voor skoon is, moes mnr. Helberg na regs beweeg om agter die vragmotor uit te kom. Onder die omstandighede kon hy, na my oordeel, alleen nalatig gewees het indien hy te knap agter die vragmotor na regs beweeg het. Maar daar is nie getuienis dat dit die geval was nie, en dit was ook nie die betoog van appellante se advokaat nie. Sy betoog was dat die hof a quo moes bevind het dat mnr. Helberg nalatig was omdat hy nie behoorlik uitgekyk het nie. Vir daardie betoog het hy gesteun op sekere gewysdes, o.a. Beswick v. Crews 1965(2)S.A.690(A.D.) en Neuhaus N.O. v. Bastion Insurance Co. Ltd.1968(1)S.A.398(A.D.). Die omstandighede van daardie sake was egter heel anders as dié van die onderhawige saak.

Die .... / 23

Die getuienis in die onderhawige saak bewys glad nie dat mnr. Helberg die perd eerder kon en moes gesien het as wat hy sê dat hy dit inderdaad gesien het nie. Maar dit is nie al nie; om te slaag moes appellante bewys het dat mnr. Helberg, indien hy behoorlik uitgekyk het, die perd op so'n distansie kon en moes gesien het, dat hy die botsing kon vermy het, byvoorbeeld, deur sy remme aan te slaan en/of deur weg te swaai. Die getuienis regverdig geensins so'n afleiding nie. Enige suggestie van 'n distansie waarop mnr. Helberg die perd eerder kon en moes gesien het sou bloot op spekulasie moet rus.

Die las wat op appellante gerus het, was om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat mnr. Helberg nalatig was en dat sy nalatigheid die botsing veroorsaak het. Daardie las kon nie gekwyt word nie deur 'n samevatting van bespiegelinge oor belangrike faktore, wat op die getuienis soos dit staan, onbepaalbaar is.

Die appèl kan dus nie slaag nie, en word met koste afgewys.

G. v. R. Muller

Appèlregter.

| | | |
|---|---|---|
| WESSELS | AR. ) | |
| POTGIETER | AR. ) | STEM SAAM. |
| TROLLIP | AR. ) | |
| RABIE | AR. ) | |